Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Johannesburg-wysigingskema No. 1/407.

P.B. 4-9-2-2-407

Administrateurskennisgewing 1826 22 Desember 1971

GERMISTON-WYSIGINGSKEMA NO. 1/80.

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Germiston-dorpsaanlegskema No. 1, 1945 gewysig word deur die hersonering van Gedeelte A van Lot No. 7 dorp Klippoortje Landboulotte, van "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 30 000 vk. vt." tot "Spesiale Woon" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 15 000 vk. vt."

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Germiston en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Germiston-wysigingskema No. 1/80.

P.B. 4-9-2-1-80

Administrator's Notice 1827 22 December, 1971

**KLOOFENDAL EXTENSION NO. 2 TOWNSHIP:
RECTIFICATION OF ERROR IN NOTICE.**

In terms of section 70 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965) the Administrator hereby rectifies the English Schedule to Administrator's Notice 1662 of the 24th November, 1971, whereby Kloofendal Extension No. 2 Township was declared an approved township by the substitution for the figure "355" in clause A.7 of the figure "255".

P.B. 4-2-2-3279

Administrator's Notice 1828 22 December, 1971

**JOHANNESBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT
TO MUNICIPAL PENSION AND PROVIDENT
FUNDS BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Municipal Pension and Provident Funds By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice 723, dated 24 October 1962, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for the expression "secretary/-treasurer", wherever it appears, of the word "Manager".

2.(a) By the substitution for subsection (3) of section 4 of the following:—

"(3) Elected members and their alternates shall be members of one of the funds and the members of each of the sections specified below shall elect a member or members, as indicated below, and alternates to such members, for two years reckoned from the 7th March 1971, and thereafter a new election shall take place shortly before the end of each period of two years, so that newly elected members and their alternates may be in readiness to take the place of those who retire from office at the end of each such period: Provided that members and their alternates elected to take office from the 1st January 1971 shall hold office until the 6th March 1973:—

- (i) Graded staff, excluding artisans: Two members.
- (ii) Artisans, graded and non-graded: One member.
- (iii) Non-graded employees, excluding artisans: One member.
- (iv) Bus drivers, conductors or any employee engaged full-time in driving a vehicle of a passenger or freight transport service of the Council: One member."

(b) By the substitution in section 4(4)(ix)(d) for the word "salaried" of the word "graded".

(c) By the insertion in section 4(6)(i) after the words "The Committee shall" of the words "annually in the month of March".

3. By the substitution for subsection (7) of section (13) of the following:—

"(7) Interest on contributions that are outstanding for any reason shall, if the committee in its discretion so decides, be paid at a rate fixed by the Committee."

4. By the substitution for the proviso to section 14(2) of the following:—

Administrateurskennisgewing 1827 22 Desember 1971

**DORP KLOOFENDAL UITBREIDING NO. 2: HER-
STELLING VAN FOUT IN KENNISGEWING.**

Ingevolge artikel 70 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965) herstel die Administrateur hierby die Engelse Bylae tot Administrateurskennisgewing 1662 van 24 November 1971, waardeur die dorp Kloofendal Uitbreiding No. 2 tot 'n goedgekeurde dorp verklaar is, deur die vervanging van die syfer "355" in klousule A7 deur die syfer "255".

P.B. 4-2-2-3279

Administrateurskennisgewing 1828 22 Desember 1971

**MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG: WYSIGING
VAN MUNISIPALE PENSIOEN- EN VOORSIE-
NINGSFONDSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Munisipale Pensioen- en Voorsieningsfondsverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 723 van 24 Oktober 1962, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:—

1. Deur die uitdrukking „sekretaris/tesourier", waar dit ook al voorkom, deur die woord "bestuurder" te vervang.

2.(a) Deur subartikel (3) van artikel 4 deur die volgende te vervang:—

"(3) Die verkose lede en hulle plaasvervangers moet lede van een van die twee fondse wees, en die lede van iedere groep wat hieronder aangegee is, kies 'n lid of lede soos dit hieronder uiteengesit word, asook plaasvervangers vir sodanige lede, vir 'n tydperk van twee jaar vanaf 7 Maart 1971, en daarna word 'n nuwe verkiesing kort voor die einde van iedere tydperk van twee jaar gehou, sodat die nuutverkose lede en hulle plaasvervangers gereed kan wees om die plek in te neem van dié wat aan die einde van iedere sodanige tydperk uittree: Met dien verstande dat lede en hulle plaasvervangers wat verkies word om die amp op 1 Januarie 1971 te aanvaar, die amp tot 6 Maart 1973 beklee:—

- (i) Gegradeerde personeel, uitgesonderd ambagsmanne: Twee lede.
- (ii) Ambagsmanne, gegradeer en nie-gegradeer: Een lid.
- (iii) Nie-gegradeerde werknemers, uitgesonderd ambagsmanne: Een lid.
- (iv) Busbestuurders, kondukteurs of ander werknemers wat 'n voertuig van 'n passasiers- of vragvervoerdienste van die Raad voltydys bestuur: Een lid."

(b) Deur in artikel 4(4)(ix)(d) die woord "salaris-personeelgroep" deur die woorde "gegradeerde personeelgroep" te vervang.

(c) Deur in artikel 4(6)(i) na die woorde "Die Komitee kies" die woorde "elke jaar in Maart" in te voeg.

3. Deur subartikel (7) van artikel 13 deur die volgende te vervang:—

"(7) Indien die komitee aldus besluit, moet daar rente teen 'n koers wat die komitee vasstel, op bydraes wat om enige rede agterstallig raak, betaal word."

4. Deur die voorbehoudsbepaling by artikel 14(2) deur die volgende te vervang:—

"Provided that if a member dies within three years before pensionable age or at any time thereafter while in the Council's service and leaves an eligible widow or eligible child entitled to receive a pension, the said widow or child shall, in addition to such pension, receive a lump sum equal to the maximum amount which the member would have received had he been retired in terms of section 18(1) on the date of his death and elected to have his pension commuted on the basis set out in section 15(1)."

5. By the deletion in section 16(2)(ii) of the expression "subparagraph (g) of".

6. By the substitution for subsection (2) of section 43 of the following:—

"(2) All moneys received on behalf of the funds shall be paid into a banking account and all cheques drawn against such account shall be signed by the Manager and the Deputy Manager; alternatively by either the Manager or the Deputy Manager and at least one other officer appointed by the Committee."

7.(a) By the insertion in the proviso to section 45(1)(i) after the words "five per cent" of the following:—

"or such lower percentage as the Council may decide,".

(b) By the substitution in section 45(4)(i) for the words "forty per cent" of the words "sixty five per cent".

(c) By the substitution for the proviso to section 45(5) of the following:

"Provided that the Council's contribution shall be two per cent or such other annual percentage as the Council may by resolution from time to time prescribe of the sum of moneys on loan to members during that month."

8. By the substitution for the Table in Schedule 1 of the following:—

"Met dien verstande dat indien 'n lid binne drie jaar voordat hy sy pensioenouderdom bereik het of te eniger tyd daarna terwyl hy in die Raad se diens is, sterf en 'n pensioengeregtigde weduwee of pensioengeregtigde kind wat daarop geregtig is om 'n pensioen te ontvang, na-laat, sodanige weduwee of kind, benewens sodanige pensioen, 'n ronde bedrag ontvang wat gelykstaan met die maksimum bedrag wat die lid sou ontvang het as hy ingevolge die bepalings van artikel 18(1) op sy sterfdatum afgetree het en verkies het om sy pensioen te laat omsit op die grondslag wat in artikel 15(1) uiteengesit word."

5. Deur in artikel 16(2)(ii) die uitdrukking "subpara-graaf (g) van" te skrap.

6. Deur subartikel (2) van artikel 43 deur die volgende te vervang:—

"(2) Alle geld wat ten bate van die fondse ontvang word, moet in 'n bankrekening inbetaal word en alle tjeks wat op sodanige rekening getrek word, moet geteken word deur die Bestuurder en die Adjunk-bestuurder anders deur of die Bestuurder of die Adjunk-bestuurder en minstens een ander beamppte wat deur die Komitee aangewys is."

7.(a) Deur in die voorbehoudsbepaling by artikel 45(1)(i) na die woorde "vyf persent" die volgende in te voeg:—

"of sodanige kleiner persentasie as wat die Raad besluit,".

(b) Deur in artikel 45(4)(i) die woorde "veertig persent" deur die woorde "vyf-en-sestig persent" te vervang.

(c) Deur die voorbehoudsbepaling by artikel 45(5) deur die volgende te vervang:—

"Met dien verstande dat die Raad se bydrae twee persent of sodanige ander jaarlikse persentasie as wat die Raad van tyd tot tyd besluit voorskryf, van die bedrag wat gedurende daardie maand aan lede geleen is, beloof."

8. Deur die Tabel in Bylae 1 deur die volgende te vervang:—

"TABLE.

Date of Retirement.	Qualifying Monthly Limit.	Monthly Amount for Every Completed Year of Service.			
		Monthly Amount Payable.		Minimum Amount Payable.	
		Married	Single	Married	Single
1	2	3		4	
	R	R	R	R	R
Prior to 1.4.56	150	2,10	1,40	21,00	14,00
1.4.56 — 31.3.58	150	1,85	1,23	18,50	12,30
1.4.58 — 31.3.60	150	1,65	1,10	16,50	11,00
1.4.60 — 31.3.61	150	1,50	1,00	15,00	10,00
1.4.61 — 31.3.62	150	1,20	0,80	12,00	8,00
1.4.62 — 31.3.63	150	1,05	0,70	10,50	7,00
1.4.63 — 31.3.64	150	0,90	0,60	9,00	6,00
1.4.64 — 31.3.65	150	0,75	0,50	7,50	5,00
1.4.65 — 31.3.66	150	0,60	0,40	6,00	4,00
1.4.66 — 31.3.67	150	0,45	0,30	4,50	3,00
1.4.67 — 31.3.68	150	0,30	0,20	3,00	2,00
1.4.68 — 31.3.69	150	0,20	0,13	2,00	1,30
1.4.69 — 31.3.70	150	0,15	0,10	1,50	1,00
*1.4.70 — 31.3.71	150	0,10	0,07	1,00	0,70

* Payment due only after a pensioner has been on pension for 12 months.

TABEL.

Aftreedatum.	Maand-verdiens-te-perk.	Maandelikse Bedrag vir Iedere Voltooide Diensjaar.			
		Maandelikse Bedrag Betaalbaar.		Minimum Bedrag Betaalbaar.	
		Getroud	Ongetroud	Getroud	Ongetroud
1	2	3	4	5	6
	R	R	R	R	R
Voor 1.4.56	150	2,10	1,40	21,00	14,00
1.4.56 — 31.3.58	150	1,85	1,23	18,50	12,30
1.4.58 — 31.3.60	150	1,65	1,10	16,50	11,00
1.4.60 — 31.3.61	150	1,50	1,00	15,00	10,00
1.4.61 — 31.3.62	150	1,20	0,80	12,00	8,00
1.4.62 — 31.3.63	150	1,05	0,70	10,50	7,00
1.4.63 — 31.3.64	150	0,90	0,60	9,00	6,00
1.4.64 — 31.3.65	150	0,75	0,50	7,50	5,00
1.4.65 — 31.3.66	150	0,60	0,40	6,00	4,00
1.4.66 — 31.3.67	150	0,45	0,30	4,50	3,00
1.4.67 — 31.3.68	150	0,30	0,20	3,00	2,00
1.4.68 — 31.3.69	150	0,20	0,13	2,00	1,30
1.4.69 — 31.3.70	150	0,15	0,10	1,50	1,00
*1.4.70 — 31.3.71	150	0,10	0,07	1,00	0,70

* Pensioen word slegs betaal nadat 'n pensioen-trekker reeds 12 maande lank pensioen ontvang het.

P.B. 2-4-2-71-25

Administrator's Notice 1829 22 December, 1971

BRAKPAN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TOWN HALL BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Town Hall By-laws of the Brakpan Municipality, published under Administrator's Notice 974, dated 21 July 1971, are hereby amended as follows:—

1. By the substitution in section 2(4) for the words "January" and "July" of the expressions "1st January" and "1st July" respectively.
2. By the substitution in section 26(1) for the words "all moneys paid" of the words "the booking fee".
3. By the substitution for subsection (2) of section 26 of the following:—
“(2) In the event of a hirer cancelling a reservation of a hall within 14 days prior to the date of engagement, he shall forfeit the booking fee.”
4. By the substitution in paragraph 3 of Schedule B of the Afrikaans text for the word "Waterkanne" of the word "Kookwaterkanne".
5. By the substitution in the Tariff of Charges under Schedule C:—
(a) in item 13 for the expression "between the hours of 7 p.m. to 12 p.m. shall be R6,00" of the expression "shall be R2 per hour or part thereof from 7 a.m.";
(b) in item 15 for the words "Town Hall" of the expression "Loudspeakers (Town Hall)".
6. By the addition in item 21 of the Tariff of Charges under Schedule C after the expression "Banquet Hall R2,00" of the expression "Lecture Room R1."

P.B. 2-4-2-94-9

Administrateurskennisgewing 1829 22 December 1971

MUNISIPALITEIT BRAKPAN: WYSIGING VAN STADSAAALVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Stadsaalverordeninge van die Munisipaliteit Brakpan, afgekondig by Administrateurskennisgewing 974 van 21 Julie 1971, word hierby soos volg gewysig:—

1. Deur in artikel 2(4) van die Engelse teks die woorde "January" en "July" onderskeidelik deur die uitdrukkings "1st January" en "1st July" te vervang.
2. Deur in artikel 26(1) die woorde "alle betaalde huurgelde" deur die woorde "die besprekingsbedrag" te vervang.
3. Deur subartikel (2) van artikel 26 deur die volgende te vervang:—
“(2) Indien 'n huurder 'n bespreking van die saal binne 14 dae, wat die datum van bespreking voorafgaan, kanselleer, verbeur hy die besprekingsbedrag.”
4. Deur in paragraaf 3 van Bylae B die woord "Waterkanne" deur die woord "Kookwaterkanne" te vervang.
5. Deur in die Tarief van Gelde onder Bylae C—
(a) in item 13 die uitdrukking "tussen die ure 7 nm. tot 12 nm. is R6,00" deur die uitdrukking "is R2 per uur of gedeelte daarvan vanaf 7 vm." te vervang;
(b) in item 15 die woord "Stadsaal" deur die uitdrukking "Luidsprekerstelsel (Stadsaal)" te vervang;
(c) in item 21 na die uitdrukking "Banketsaal R2,00" die uitdrukking "Lesingskamer R1" by te voeg.

P.B. 2-4-2-94-9

Administrator's Notice 1830 22 December, 1971.

ROODEPOORT MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing By-laws of the Roodepoort Municipality, published under Administrator's Notice 509, dated 1 August 1962, as amended, are hereby further amended by the insertion after section 73 of the following and deletion of the existing Schedule D:—

"SCHEDULE A**APPLICATION FEES.****PART I**

1. The fees set out in Part II of this Schedule shall be payable in terms of section 11(i) in respect of every application made under section 6, and shall be paid by the person by or on behalf of whom the application is made.

2. The engineer shall assess the fees payable in respect of applications received in terms of section 6 in accordance with Part II hereof, or in any special case as nearly as may be in accordance therewith: Provided that any person aggrieved by any such assessment shall have the right to appeal in the manner prescribed by section 4.

PART II

1. The minimum fee payable in respect of—

	R
(a) any application for connection to the sewer of the Council	15,00
(b) any other application	5,00

2. Subject to the obligation to pay a minimum fee as prescribed in item 1, the fees payable in respect of any application as aforesaid shall be the following:—

(1) For every 50 m² or part thereof of the floor area of the basement and groundfloor storeys of any building to be served by, or use of which will, whether directly or indirectly be associated with the use of, the drainage installation 2,00

(2) For every 50 m² or part thereof of the floor area of all other storeys of a building as described in subitem (1) 1,00

3. The fees payable in respect of any application for an alteration, not amounting to a reconstruction of or for additions to, an existing drainage installation shall be the following:—

For each storey of a building as described in item (2) 5,00

4. The fee payable in respect of every application made in terms of section 8(2) shall be 5,00

Administrateurskennisgewing 1830 22 Desember 1971

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Roodepoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig word hierby verder gewysig deur na artikel 73 die volgende in te voeg en die bestaande Bylae D te skrap:—

"BYLAE A.**AANSOEKGELDE.****DEEL I.**

1. Die gelde wat in Deel II van hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 11(1) betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge artikel 6 ingedien word, en moet betaal word deur die persoon deur wie of namens wie die aansoek gedoen word.

2. Die ingenieur moet die gelde wat betaalbaar is ten opsigte van aansoeke wat ingevolge artikel 6 ontvang word, ooreenkomstig Deel II of, in 'n spesiale geval, so na as moontlik ooreenkomstig genoemde Deel II bereken: Met dien verstande dat enigiemand wat voel dat hy deur so 'n berekening benadeel is, daarteen appèl kan aanteken op die wyse wat by artikel 4 voorgeskryf word.

DEEL II.

1. Die minimum bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van—

	R
(a) enige aansoek om aansluiting by die straat-riool van die Raad	15,00
(b) enige ander aansoek	5,00

2. Behoudens die verpligting om 'n minimum bedrag soos voorgeskryf by item 1, te betaal, is die volgende gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansoek soos voornoem:—

(1) Vir iedere 50 m² of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van die kelder- en grondverdieping van enige gebou wat bedien gaan word deur, of waarvan die gebruik regstreeks of onregstreeks sal saamgaan met die gebruik van, die perseel-rioolstelsel 2,00

(2) Vir iedere 50 m², of gedeelte daarvan, van die vloerruimte van alle ander verdiepings van 'n gebou, soos dit by subitem (1) omskryf word 1,00

3. Die volgende gelde is betaalbaar ten opsigte van enige aansoek om 'n bestaande perseelrioolstelsel te kan verbou, uitgesonderd die herbouing daarvan, of om aanbouingswerk daaraan te kan verrig:—

Vir iedere verdieping van 'n gebou, soos dit by item 2(1) omskryf word 5,00

4. Die volgende bedrag is betaalbaar ten opsigte van iedere aansoek wat ingevolge artikel 8(2) ingedien word 5,00

SCHEDULE B

PART I

GENERAL RULES REGARDING CHARGES.

1. The charges set out in this Schedule shall in terms of section 10 be payable in respect of the Council's sewers and sewage-purification works; and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.

2. The expression 'half-year' in this Schedule means the period of six months beginning on the 1st January or the 1st July, as the case may be, and the charges accruing during and in respect of each such half-year shall become due and payable on the same date as the general rate assessed in respect of that half-year: Provided that the charges imposed in terms of Part IV of this Schedule shall be payable half-yearly in arrear.

3. Where any person who is required to furnish a return in terms of this Schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Council to determine the charges to be made under this Schedule, fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice in writing, he shall pay such charges as the Council shall assess on the best information available to it.

4. In all cases of dispute as to the part or category of this Schedule which is applicable or as to the date from which any part or category is applicable to any premises, the decision of the engineer shall be decisive subject to a right of the owner to appeal against his decision to the Committee of the Council appointed to administer these by-laws.

5. (1) In the case of premises already connected to a sewer the charges imposed in terms of Parts II and VII inclusive and in the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Part II of this Schedule, shall come into operation on the date of publication of this Schedule.

(2) In the case of premises not connected to a sewer the charges imposed in terms of Parts III, IV, V, VI, and VII shall come into operation on the date on which the Council requires that a connection shall be made to a sewer or from the date when the premises are in fact connected to a sewer, whichever is the earlier.

6. Where any building is partially occupied before completion, charges shall be levied in respect of it at half the rates appropriate to it in terms of Part III of this Schedule for a period of three calendar months after the date of the first occupation after which the said charges shall be paid in the full amount of the said rate.

7. The charges imposed in terms of Parts III, IV and V of this Schedule shall remain effective in the case of buildings wholly unoccupied or in the course of demolition until the date on which the Council is asked to seal the opening to the Council's sewer.

8. Where any change, other than a change as referred to in rule 7, is made in the nature of the occupation or the use of any premises which requires the application of a different Tariff in terms of this Schedule, no claim for any adjustment of an account rendered or any refund of moneys paid in terms of this Schedule shall be entertained by the Council unless notice in writing of the change is given to the Council within 30 days of the date of its occurrence.

BYLAE B.

DEEL I

ALGEMENE REËLS BETREFFENDE GELDE.

1. Die gelde wat in hierdie Bylae aangegee word, is ingevolge artikel 10 ten opsigte van die Raad se straat-riole en rioolvuilwerke betaalbaar, en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.

2. Waar die woord 'halfjaar' in hierdie Bylae voorkom, beteken dit die tydperk van ses maande wat op 1 Januarie of op 1 Julie, na gelang van die geval, begin en die gelde wat gedurende en ten opsigte van iedere sodanige halfjaar oploop, is verskuldig en betaalbaar op dieselfde datum as die algemene eiendomsbelasting vir die halfjaar: Met dien verstande dat die gelde wat ingevolge Deel IV van hierdie Bylae gehef word, halfjaarlik agteruit betaal moet word.

3. Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie Bylae 'n opgawe in te dien of ander inligting te verstrek wat die Raad nodig het om die gelde ingevolge hierdie Bylae te kan bereken, en wat versuim om dit te doen binne 30 dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Raad met die beste inligting tot sy beskikking bereken.

4. In alle geskille wat ontstaan oor die deel of kategorie van hierdie Bylae wat van toepassing is, of oor die datum waarop enige deel of kategorie van toepassing is, op enige perseel, is die beslissing van die Ingenieur beslissend: Met dien verstande dat die eienaar in so 'n geval by die Komitee van die Raad wat met die administrasie van hierdie verordeninge belas is, teen sy beslissing appèl kan aanteken.

5. (1) In die geval van 'n perseel wat reeds met 'n straatriool verbind is, word die gelde wat ingevolge Dele II tot en met VII gehef word, en in die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatriool verbind is nie, word die gelde wat ingevolge Deel II van hierdie Bylae gehef word, van krag op die datum waarop hierdie Bylae afgekondig word.

(2) In die geval van 'n perseel wat nie met 'n straatriool verbind is nie, word die gelde wat ingevolge Dele III, IV, V, VI en VII gehef word, van krag op die datum waarop 'n perseel in opdrag van die Raad met 'n straatriool verbind moet word, of waarop die perseel inderdaad met 'n straatriool verbind word, watter datum ook al die vroegste is.

6. Indien 'n gebou gedeeltelik geokkupeer word voordat dit voltooi is, word die helfte van die gelde wat ingevolge Deel III van hierdie Bylae daarop van toepassing is, vir 'n tydperk van drie kalendermaande vanaf die datum waarop dit die eerste geokkupeer is, gehef, maar daarna moet genoemde gelde ten volle betaal word.

7. Die gelde wat ingevolge Dele III, IV en V van hierdie Bylae gehef word, bly in die geval van geboue wat heeltemal leeg staan of gesloop word, van krag tot op die datum waarop die Raad gevra word om die betrokke opening in die Raad se straatriool te verseël.

8. In geval daar 'n verandering, uitgesonderd 'n verandering soos dié waarna daar in reël 7 verwys word, plaasvind in die aard van die okkupasie of die gebruik van 'n perseel, en so 'n verandering meebring dat 'n ander tarief ingevolge hierdie Bylae daarop van toepassing gemaak moet word, oorweeg die aad geen eis vir die aansuiwering van 'n rekening wat reeds gelewer is of vir die terugbetaling van gelde wat betaal is ingevolge hierdie Bylae nie, tensy die Raad binne 30 dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis gestel is.

9. In the case of premises or places connected to the Council's sewer and not falling under any of the categories enumerated in this Schedule, the charge to be imposed by the Council shall, regard being had to the nature of the premises, correspond as closely as possible with the provisions of this Schedule.

10. (1) A local authority which is permitted by the Council to pass the discharge from its sewerage system into the Council's sewer shall, subject to any special agreement between such an authority and the Council governing the said discharge, pay in respect of Parts I, III, V, VI and VII of this Schedule only 75 per cent or such other proportion as circumstances may require and as may be duly published for any particular case, of the charges therein set out or mentioned, but Part II of this Schedule shall not be applicable to any such local authority, and the charges set out in Part IV shall be payable by it in full together with a surcharge of 25 per cent.

(2) It shall be a condition of every agreement referred to in subrule (1) that the drainage charges levied by the local authority against the owners of premises shall be charged in terms of the charges set out in this Schedule and in particular according to the categories of premises and persons therein specified.

11. The owner of premises situated outside the municipality which is connected to the Council's sewer directly and not through the sewer of any other local authority, shall be liable to pay all the applicable charges set out or referred to in this Schedule and, in addition, a surcharge of 25 per cent thereon: Provided that the charges referred to in rule 10 and not those referred to in this rule shall apply in respect of premises to which is available the sewerage system of a local authority permitted by the Council to pass the discharge from that system into the Council's sewer, but which, owing to their location in relation to the Council's sewer, are for convenience permitted by the said local authority to be connected directly thereto.

PART II

BASIC CHARGES IN RESPECT OF SEWERS WHICH ARE AVAILABLE.

1. (1) For the purposes of this part of this Schedule 'piece of land' means any piece of land registered in a deeds registry as an erf, lot, stand or other area, or as a portion of such erf, lot, stand or other area, or any defined portion, not intended as a public place, of a piece of land proclaimed as a township, or of a piece of land which is held under mining title or which, being proclaimed land not held under mining title is used for residential purposes or for purposes not incidental to mining operations.

(2) Where two or more erven, stands or lots are legally consolidated in title, they shall be considered as one piece of land. Where two or more erven, stands or lots are *bona fide*, but without legal consolidation, being used, or by virtue of their situation and/or size can only be used in conjunction with a single residence, school, hospital, church, sportsground or similar undertaking, such areas shall be considered as one piece of land: Provided that such area does not exceed 2 ha in extent, in which case each such area 2 ha or part thereof, shall be considered as a single piece of land.

9. In die geval van persele of plekke wat met die Raad se straatrioolstelsel verbind is, en wat nie ressorteer onder enigeen van die kategorieë wat in hierdie Bylae uiteengesit word nie, moet die geld wat die Raad vorder, met inagneming van die aard van die perseel, so na as moontlik ooreenstem met die bepalings van hierdie Bylae.

10. (1) 'n Plaaslike bestuur aan wie die Raad vergunning verleen het om die uitvloeisel van sy straatrioolstelsel in die straatriool van die Raad ontas, moet, mits die Raad en so 'n plaaslike bestuur 'n spesiale ooreenkoms betreffende genoemde uitvloeisel aangegaan het, ten opsigte van Dele I, III, V, VI en VIII van hierdie Bylae slegs 75 persent, of sodanige ander gedeelte na gelang omstandighede dit vereis en wat behoorlik vir 'n bepaalde geval afgekondig is, van die gelde wat daarin uiteengesit of aangegee word, betaal, maar Deel II van hierdie Bylae is nie op so 'n plaaslike bestuur van toepassing nie, en die gelde wat in Deel IV uiteengesit word, moet ten volle betaal word, benewens 'n toeslag van 25 persent daarop.

(2) Dit is 'n voorwaarde van iedere ooreenkoms waarna daar in subreël (1) verwys word, dat die rioleringsgelde wat die plaaslike bestuur van die perseleeienaars vorder, ooreenkomstig die gelde wat in hierdie Bylae uiteengesit word en veral volgens die klasse persele en persone wat daarin aangegee word, gehef word.

11. Die eienaar van 'n perseel wat buite die munisipaliteit geleë is en regstreeks met 'n straatriool van die Raad verbind is, en nie deur middel van die straatriool van 'n ander plaaslike bestuur nie, moet al die toepaslike gelde wat in hierdie Bylae uiteengesit of aangegee word, benewens 'n toeslag van 25 persent daarop betaal: Met dien verstande dat die gelde waarna daar in reël 10 verwys word, en nie dié waarna daar in hierdie reël verwys word nie, van toepassing is op persele waarvoor die rioolstelsel van 'n plaaslike bestuur aan wie die Raad vergunning verleen het om die uitvloeisel uit daardie rioolstelsel in die Raad se straatriool te ontas, beskikbaar is, maar wat vanweë die ligging in verhouding tot die Raad se straatriool, deur genoemde plaaslike bestuur vergun is om regstreeks daarmee verbind te word.

DEEL II.

BASIESE GELDE TEN OPSIGTE VAN BESKIKBARE STRAATRIOLE.

1. (1) Vir die toepassing van hierdie Deel van hierdie Bylae beteken 'stuk grond' enige stuk grond wat in 'n aktekantoor geregistreer is as 'n erf, plot, standplaas of ander gebied, of as 'n gedeelte van so 'n erf, plot, standplaas of ander gebied, of as 'n omskrewe gedeelte, wat nie as 'n openbare plek bedoel is nie, van 'n stuk grond wat as dorp geproklameer is, of van 'n stuk grond wat kragtens 'n mynbrief gehou word of wat geproklameerde grond is wat nie kragtens 'n mynbrief gehou word nie en wat vir woondoeleindes of vir doeleindes wat nie met mynboubedrywighede in verband staan nie, gebruik word.

(2) Waar twee of meer erwe, standplase of plote wettig gekonsolideer is, word hulle beskou as een stuk grond te wees. Waar twee of meer erwe, standplase of plote *bona fide* maar sonder wettige konsolidasie, gebruik word, of as gevolg van hulle ligging en/of grootte slegs gebruik kan word in verband met 'n enkele woning, skool, hospitaal, kerk, sportgronde of soortgelyke onderneming, word sulke areas beskou een stuk grond te wees: Met dien verstande dat elke sodanige area nie 2 ha in grootte oorskry nie, in welke geval elkeen van sulke areas, van 2 ha of gedeelte daarvan as 'n enkele stuk grond beskou word.

2. Where any piece of land, whether or not there are any improvements thereon, is or, in the opinion of the Council, can be connected to any sewer under the control of the Council, the owner of that piece of land shall pay to the Council a half-yearly charge in advance based on the area of that piece of land as follows:—

	R
(a) Up to and including 750 m ²	6,00
(b) 751 to 1500 m ²	8,40
(c) 1501 to 3000 m ²	9,60
(d) 3000 to 4500 m ²	12,00
(e) 4501 m ² upwards	15,00

3. (1) Should the Council decide to incorporate in its sewerage system any property or premises not situate in a proclaimed township (including land on which mining operations are taking place), it may levy, in respect of such property or premises a specially assessed basic charge instead of the charges in terms of item 2. Such charge shall defray the capital cost of construction of any sewers required exclusively to drain the property as well as a contribution to the capital cost of any other sewers or works of which the property is a joint user.

(2) The contribution to the capital cost of the sewers or works of which the property is a joint user shall be assessed as follows:—

Estimated flow in joint sewer contributed by the property, multiplied by the capital cost of construction of such joint sewer divided by estimated flow for which the joint sewer is designed.

(3) This special basic charge shall be the subject of an agreement between the owner and the council, and may be liquidated by means of—

- (a) a cash payment of the ascertained capital cost or
- (b) annual instalments of principal and interest.

Where the charge is paid by means of annual instalments, the rate of interest shall be subject to the provisions of section 142 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended. The annual instalments shall consist of principal and interest and shall be of such an amount that the ascertained capital cost plus interest shall be liquidated within a maximum period of fifteen years in quarter-yearly payments.

(4) In the event of a mine or other undertaking closing down, or in the event of any property being abandoned by the owner before the liquidation of the special basic charge, the balance owing to the Council shall become immediately due and payable.

(5) Notwithstanding the fact that the full capital cost of the sewers has been repaid to the Council by the owner, the sewer shall nevertheless remain the property of the Council.

PART III

DOMESTIC SEWAGE.

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewers shall be liable to pay, in addition to charges imposed in other Parts of this Schedule, every half-year in respect of the land or buildings described in the left-hand column of the following table the charges specified in the right-hand column thereof.

2. Indien 'n stuk grond, of daar verbeterings op is of nie, verbind is met 'n straatriool wat deur die Raad beheer word of, na die mening van die Raad, met so 'n straatriool verbind kan word, moet die eienaar van dié stuk grond iedere halfjaar vooruit aan die Raad 'n heffing betaal, gebaseer op die grootte van daardie stuk grond soos volg:—

	R
(a) Tot en met 750 m ² :	6,00
(b) 751 tot 1 500 m ² :	8,40
(c) 1 501 tot 3 000 m ² :	9,60
(d) 3 000 tot 4 500 m ² :	12,00
(e) 4 501 m ² en groter:	15,00

3. (1) Indien die Raad sou besluit om enige eiendom of perseel wat nie binne 'n geproklameerde dorp val nie (insluitende grond waarop daar mynbedrywighede plaasvind) by die rioolskema aan te sluit, kan die Raad 'n spesiale basiese heffing in plaas van dié ingevolge item 2 bepaal. Hierdie heffing dek die kapitale uitgawes verbode aan die aanleg van riole wat uitsluitlik so 'n perseel sal bedien sowel as 'n bydrae tot die kapitale koste van enige ander riool of rioolwerke waarvan die perseel 'n gesamentlike gebruiker is.

(2) Die bydrae tot die kapitale koste van die riole of rioolwerke waarvan die perseel 'n gesamentlike gebruiker is, word as volg bepaal:—

Beraamde vloei in die gesamentlike riool bygedra deur die perseel, vermenigvuldig met die kapitale koste verbode aan die aanleg van so 'n gesamentlike riool, gedeel deur die beraamde vloei waarvoor die gesamentlike riool ontwerp is.

(3) Hierdie spesiale basiese heffing is die onderwerp van 'n ooreenkoms tussen die eienaar en die Raad en kan as volg gedelg word:—

- (a) 'n Kontant bydrae van die bepaalde kapitale koste; of
- (b) jaarlikse paaielemente van kapitaaldelging en rente.

Waar die heffing deur jaarlikse paaielemente betaal word, is die rentekoers onderhewig aan die bepalinge van artikel 142 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig. Die jaarlikse paaielemente bestaan uit rente en kapitaaldelging en word op 'n bedrag vasgestel sodat die bepaalde kapitale koste plus rente binne 'n maksimum tydperk van vyftien jaar in kwartaallike paaielemente gedelg word.

(4) In die geval van die sluiting van 'n myn of ander onderneming of waar die eienaar die eiendom laat vaar voordat die spesiale basiese heffing gedelg is, is die verskuldigde balans onmiddellik aan die Raad betaalbaar.

(5) Ondanks die feit dat die volle kapitale koste van die riole deur die eienaar aan die Raad betaal is, bly die riole nogtans die eiendom van die Raad.

DEEL III.

HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL.

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelrioolstelsels is wat met die Raad se straatriole verbind is, moet, benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, iedere halfjaar ten opsigte van die grond of geboue wat in die linkerkantse kolom van onderstaande tabel beskryf word, die gelde wat daarteenoor in die regterkantse kolom daarvan aangegee word, betaal.

TABLE.

Per
Half-year
R

1. Private dwelling-houses and residential flats, each	7,50
2. Lodging houses or rooms separately let as lodgings: For every two habitable rooms ...	7,50
3. Business premises or Government Buildings used only as offices, professional suites or shops for every 100 m ² or part thereof of the total floor areas in the building, including any basement or mezzanine floor, constructed, adapted or laid out for the use of business purposes	4,20
4. Unlicensed hotels and their annexes and boarding-houses and their annexes: For every 100 m ² of or part thereof their total floor area, including any mezzanine floor or basement	6,00
5. Hotels and clubs licensed under the liquor Act 1928 (Act 30 of 1928), or any amendment thereof: For every 100 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	7,50
6. Hotels (being boarding establishments forming part of an educational institution): For every 100 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	6,00
7. Churches or buildings used exclusively for public worship, each	7,50
8. Halls used for purposes connected with religion and from which no revenue is derived, each	7,50
9. Halls from which revenue is derived: For each 100 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	3,00
10. Charitable institutions duly registered as such according to law—	
(1) For the first 20 inmates or less	2,25
(2) For every succeeding 20 inmates or less	2,25
(3) For the purposes of the charges payable in terms of subitems (1) and (2), 'inmates' includes resident staff and servants, and the number of the inmates shall be calculated by reference to the average daily total thereof during the six-month period immediately preceding that to which the charge relates and shall be certified by the person in charge of the institution.	
11. Educational Institutions—	
(1) For the first 20 persons or less as defined below	6,00
(2) For every succeeding 20 persons as aforesaid or less	6,00
(3) For the purposes of the charges payable in terms of subitems (1) and (2), 'persons' means day students, boarding students, staff and servants, whether resident or not, and the number of such persons shall be calculated and certified in the manner prescribed for charitable institutions in terms of item 10.	

TABEL.

Per
Halfjaar
R

1. Private woonhuise en woonstelle, elk	7,50
2. Huurkamerhuise of kamers wat afsonderlik as woonplek verhuur word, vir iedere twee bewoonbare vertrekke	7,50
3. Besigheidspersele of Regeringsgeboue wat slegs as kantore, professionele kamers of winkels gebruik word: Vir iedere 100 m ² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte in die gebou, insluitende enige kelder- of tussenverdieping wat vir besigheidsdoel- eindes gebou, aangepas of ingerig is	4,20
4. Ongelisensieerde hotelle en hul bygeboue en losieshuise en hul bygeboue: Vir iedere 100 m ² of gedeelte daarvan van hul totale vloer- oppervlakte, insluitende enige tussen- of kel- derverdieping	6,00
5. Hotelle en klubs wat ingevolge die Drankwet, 1928 (Wet 30 van 1928), soos gewysig, ge- liseniseer is: Vir iedere 100 m ² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, in- sluitende enige tussen- of kelderverdieping ...	7,50
6. Koshuise (dit wil sê losieshuise wat deel uit- maak van 'n opvoedkundige inrigting): Vir iedere 100 m ² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tus- sen- of kelderverdieping	6,00
7. Kerke of geboue wat uitsluitlik vir openbare godsdiensoefening gebruik word, elk	7,50
8. Sale wat gebruik word vir doeleindes wat met godsdien verband hou en waaruit geen in- komste verkry word nie, elk	7,50
9. Sale waaruit inkomste verkry word: Vir iedere 100 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tus- sen- of kelderverdieping	3,00
10. Liefdadigheidsinrigtings wat behoorlik by wet as sodanig geregistreer is:—	
(1) Vir die eerste 20 inwoners of minder ...	2,25
(2) Vir iedere daaropvolgende 20 inwoners of minder	2,25
(3) Vir die berekening van die gelde betaal- baar ingevolge subitems (1) en (2) om- vat die woord 'inwoners' ook inwonende personeel en bediendes, en moet die getal inwoners bereken word volgens hulle ge- middelde daaglikse totaal gedurende die tydperk van ses maande wat dié tydperk waarvoor die geld gevorder word, on- middellik voorafgaan, en moet dié getal deur die persoon wat in beheer van die inrigting staan, as juis gesertifiseer word.	
11. Opvoedkundige inrigtings—	
(1) Vir die eerste 20 persone of minder ...	6,00
(2) Vir iedere daaropvolgende 20 persone of minder	6,00
(3) Vir die berekening van die gelde betaal- baar ingevolge subitems (1) en (2) be- teken die woord 'persone' dagstudiante of -leerlinge, kosgangers, personeel en bediendes, of hulle inwoon of nie, en hul getal word bereken en gesertifiseer op die wyse wat ingevolge item 10 vir lief- dadigheidsinrigtings voorgeskryf is.	

	Per Half-year R		Per Halfjaar R
12. Sports grounds belonging to clubs, but not including such grounds belonging to educational institutions and used by the scholars thereof—		12. Sportterreine wat aan klubs behoort, uitgesonderd dié wat aan opvoedkundige inrigtings behoort en deur hulle studente of leerlinge gebruik word:—	
(1) Where charges are made for the admission of spectators: For every 300 or part of that number of seats	6,00	(1) Waar toeskouers toegangsgelde moet betaal: Vir iedere 300 of gedeelte van die getal sitplekke	6,00
(2) (a) In respect of any clubhouse	9,00	(2) (a) Ten opsigte van 'n klubgebou	9,00
(b) Golf courses, per 50 or less persons including members and staff	6,00	(b) Gholfbane, per 50 persone of minder, insluitende lede en personeel	6,00
(c) The charge payable in terms of paragraph (b) shall be based on the average number of members, staff and servants certified by the secretary of the club in respect of the six-month period preceding that to which the charge relates.		(c) Die geld betaalbaar ingevolge paragraaf (b) word bereken volgens die gemiddelde getal lede, personeel en bediendes, soos gesertifiseer deur die sekretaris van die klub, ten opsigte van die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, voorafgaan.	
13. Public conveniences, including those owed or controlled by the Council: For every 5 m ² or part thereof of the total floor area of the building	4,20	13. Openbare latrines, insluitende die wat behoort aan, of beheer word deur, die Raad: Vir iedere 5 m ² , of gedeelte daarvan van die die totale vloeroppervlakte van die gebou	4,20
14. Power stations, factories, workshops, industrial concerns, commercial motor garages or similar undertakings: For every 500 m ² or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	12,00	14. Kragentrales; fabriek, werksinkels, industriële ondernemings, handelsmotorhawens of soortgelyke ondernemings: Vir elke 500 m ² of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte, insluitende tussen- en kelderverdiepings	12,00
15. Premises used for the purpose of a warehouse or business storage: For every 500 m ² or part thereof of the total floor area of the building, including any mezzanine floor or basement	6,00	15. Persele wat vir pakhuse en besigheidsberging gebruik word: Vir iedere 500 m ² , of gedeelte daarvan van die totale vloeroppervlakte van die gebou, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	6,00
16. Bantu compounds:—		16. Bantoe-kampongs:—	
(1) For the first 20 inmates or less for whom accommodation is provided therein	2,10	(1) Vir die eerste 20 inwoners of minder, aan wie daar huisvesting verskaf word	2,10
(2) For every succeeding 20 inmates as aforesaid or less	2,10	(2) Vir iedere daaropvolgende 20 inwoners soos voornoem, of minder	2,10
(3) The charges payable in terms of sub-items (1) and (2) shall be calculated according to the number of inmates as certified by the person in charge thereof as at the end of the six-month period preceding that for which the charge is being made: Provided that these charges shall not be payable in respect of any compound used for the accommodation of Bantu, the number of whom is taken into account for the purpose of calculating the amount of any other charge payable in terms of this Schedule.		(3) Die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) en (2) word bereken volgens die getal inwoners van die kampong, soos gesertifiseer deur die persoon wat in beheer daarvan is, aan die einde van die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, voorafgaan: Met dien verstande dat hierdie gelde nie betaalbaar is nie ten opsigte van 'n kampong wat gebruik word as huisvesting vir Bantoes wie se getal in aanmerking geneem word vir die berekening van enige ander bedrag wat ingevolge hierdie Bylae betaalbaar is.	
17. Timber yards, coal yards, second-hand material yards, scrap yards and other similar premises: For every 1000 m ² or part thereof of the total area	4,20	17. Houtwerwe, steenkoolwerwe, werwe vir tweedehandse goedere, rommelwerwe en ander dergelyke persele: Vir iedere 1 000 m ² , of gedeelte daarvan van die totale oppervlakte daarvan	4,20
18. Buildings which are wholly unoccupied and are in the course of erection	9,00	18. Geboue wat heeltemal leeg staan en in aanbou is	9,00
19. Hospitals, nursing homes and convalescent homes: For every 10 or part of that number of persons, including patients, members of resident staff and resident servants for whom accommodation is certified by the person in charge of the premises to have been available at the end of the preceding calendar year	4,20	19. Hospitale, verpleeginrigtings en herstellings-tehuise: Vir iedere 10 persone, of gedeelte van dié getal, insluitende pasiënte, lede van die inwonende personeel en inwonende bediendes, vir wie daar, soos deur die persoon in beheer van die perseel gesertifiseer, aan die einde van die voorafgaande kalenderjaar huisvesting beskikbaar was	4,20

PART IV

INDUSTRIAL EFFLUENTS.

The following rules shall be applicable for the purposes of section 22(1) in connection with and for the determination of charges, including all charges referred to in rules 10 and 11 of Part I of this schedule, payable for the conveyance and treatment of industrial effluents:—

1. The owner or occupier of premises on which any trade or industry is carried on and from which, as a result of such trade or industry or of any process incidental thereto, any effluent is discharged into the Council's sewer shall, in addition to any other charges for which he may be liable in terms of this Schedule, pay to the Council an industrial effluent charge which shall be calculated—

(a) on the quantity of water consumed during the half-year forming the period of charge; and

(b) in accordance with the following formula:—

$$\text{Charge in cents per kilolitre} = 3,74 + 0,022 (\text{OA} - 80)$$

where OA is the arithmetical average of the strengths determined as specified in rule 3 of this part of not less than four grab samples of effluent taken at any time during the half year: Provided that in no case shall the charge be less than 3,74 cents per kilolitre.

2. Whenever a sample is taken by the Council in terms of rule 1 one half thereof shall, on his request, be made available to the owner or occupier of the premises.

